# HEY! NUUS in September en Oktober 2015

# HEY! Brokkies Nuus

**Geniet 'n paar nuusbrokkies wat uitstaan van September en Oktober:**

**1. HEY! is ♥ vir gebedsweke:** Dit is altyd so 'n voorreg om betrokke te kan wees by **gebedsweke** soos **by Somerset-Wes primêr en Danie Ackermann**. Daar is so 'n groot behoefte aan sulke **"boiler rooms"** waar kinders net rustig kan kom bid, of gebedsversoeke bring! Jesus leer ons in **Kol 3:13** dat ons moet **vergewe soos Hy ons vergewe het**. Dis altyd opmerklik hoe aktief die spesifieke areas waar kinders ander kan vergewe besoek word tydens die week. Ons kan beslis by hulle leer en vrykom van die kettings van onvergifnis en bitterheid. **Daar IS soveel krag in gebed!**



Summies gebedsweek Trudie gee mostert-saadjies n.a.v. Lukas 17



Help my om te vergewe Jesus....

**2. BYBELS..** HEY! Was bevoorreg om **donasies vir Bybels** te kry en kon Bybels koop vir kinders wie nie andersins die voorreg sou hê om hul eie te besit nie. Mag **Ps 119:105** waar wees vir die kinders en hulle lief word vir God se Woord. Kyk net op foto's: **vreugde van jou eie Bybel**! Ons leer hulle hoe om die Bybels te gebruik en soek saam memoriseer verse op en onderstreep dit in die Bybels. Die entoesiasme waarmee dit gedoen word is fantasties!



DANKIE aan ons donateurs vir Bybels!!



**3.Ons aanbieders is ons grootste bate...** HEY! besef dit, asook die belangrikheid van geestelik groei en mekaar motiveer. Ons probeer elke kwartaal opleiding of motiverings praatjie reël waar ons die mense wie so onbaatsugtig hul tyd, liefde en vele meer saai in kinders se lewens op te bou. Daar is nou **meer as 70 persone wie as vrywilligers betrokke is by Bybelklasse in die Kaap.** In September het Hein Reyneke van SCAS ons kom leer van **"PRAY-PLAY-SAY"** volgens **Kol4:2-6** "***VOLHARD in die gebed en waak daarin met danksegging; en bid tegelykertyd ook vir ons, dat God vir ons die deur van die woord mag open om te spreek van die verborgenheid van Christus, ......,dat ek dit openbaar kan maak soos ek dit behoort te spreek. Wandel in wysheid teenoor die wat buite is, en koop die tyd uit.Laat julle woord altyd aangenaam wees, met sout besprinkel, sodat julle kan weet hoe julle iedereen moet antwoord"*** Hieruit het ons geleer: **1.BID** vir mekaar en vir oop deure**. 2. SPEEL-**wees wys in hoe jy optree teenoor kinders/mense **3.SPREEK-**in liefde (vers 6). Hy het ook"**10 steps towards control"** gedeel wat ons kan toepas in klas (of tuis)! BAIE dankie Hein!



Hein van SCAS doen opleiding vir ons aanbieders by Voice kerk in Strand...en ons kuier ook lekker!

**Spreuke 11:30 "Die vrug van die regverdige is 'n boom van die lewe, en hy wat siele win,is wys."** Ons eer Jesus vir baie kinders wie'n keuse vir Jesus gemaak het-ons sien vrugte groei!